**Saterdag 14 Mei**

**Skrifgedeelte: Matteus 28:11-20; HK Sondag 12, Antwoord 31**
**Fokusgedeelte: Matteus 28:18**

## Christus as Koning: Hy regeer ons

Christus het ná sy oorwinning oor die sonde, Satan en die dood en voor sy hemelvaart Homself as Koning geproklameer toe Hy aan sy dissipels gesê het: "*Aan My is alle mag gegee in die hemel en op die aarde*" (Matt. 28:18). Teenoor aardse vorste wat slegs beperkte mag oor 'n beperkte gebied besit, besit Hy alle mag in die hemel en op die aarde. Alles en almal is aan sy mag en wil onderworpe. Daarby moet in gedagte gehou word dat Christus Self gesê het *dat sy koninkryk nie van hierdie wêreld is nie* (Joh. 18:36). Daarmee het Hy bedoel dat sy koninkryk nie deur 'n uitwendige gelaat soos finansiële vermoë, militêre mag of politieke krag gekenmerk word nie; inteendeel, Hy vestig sy troon op die harte van die gelowiges sodat hulle doen wat Hy van hulle verwag om te doen. So maak Hy van hulle onderdane van die onverganklike koninkryk van God. Christus se regering gaan oor alles en almal binne en buite die kerk. Ten diepste is dit nie die mens nie, nie eerste ministers en presidente wat die verloop van sake in die wêreld bepaal nie, maar Christus. Hy laat alles verloop soos Hy dit wil hê. Dit is vir ons 'n groot troos, want dit beteken dat niks teen sy wil kan gebeur nie.

Die feit dat Christus in die besonder *ons* as gelowiges regeer, is absoluut noodsaaklik, want ons kan onsself nie regeer nie. Deur die sonde is ons voortdurend geneig om net die verkeerde te doen wat tot ons ewige ondergang kan lei. Daarom moet Hy ons regeer om ons op die regte pad te hou. Die middele waardeur Hy ons regeer, is sy Woord en Gees. In die *Woord* kry ons volledige voorligting oor wat ons Koning wil hê dat ons moet doen om God te eer, wat ons heerlike loon sal wees as ons Hom gehoorsaam, en hoe verskriklik ons straf sal wees as ons ongehoorsaam is aan sy gebooie.

Saam met sy Woord regeer Hy ons egter deur sy *Gees*. Nie in die sin dat Hy ons deur sy Gees iets anders leer as wat in sy Woord staan nie; inteendeel, deur sy Gees word ons juis aan sy Woord gebind. Deur sy Gees help Hy ons om sy Woord te kan verstaan en maak Hy ons gewillig om werklik te doen wat Hy van ons verwag sodat die uitvoering van sy gebooie vir ons 'n lus sal wees en nie 'n las nie. Nou is die vraag: Laat ons ons deur Christus as Koning regeer? Paulus skryf: "*Moet dan nie toelaat dat die sonde nog langer oor julle heerskappy voer en julle die begeertes van julle sterflike aardse bestaan laat gehoorsaam nie*" (Rom. 6:12). Die sonde moet nie oor ons heers nie, maar Christus deur sy Woord en Gees op alle terreine van die lewe.